

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great  
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



**SA EXAM  
PAPERS**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

### **NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas.
2. Volle punte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir die syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Indien anders getoon is, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt te toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Hierdie memo is nie vir publieke verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanse in sekere vrae.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking moet nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metode punte toegeken word, maak seker dat kandidate nie vol punte toegeken word vir enige item wat gedeeltelik foutief is.
10. Kodes: f=vreemde items; p=plasing/aanbieding.

**Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.**

**VRAAG 1****1.1**

**Dui aan in watter kosterekening elk van die items geklassifiseer sal word deur die antwoord uit die opsies wat gegee is te kies.**

|              |                        |    |
|--------------|------------------------|----|
| <b>1.1.1</b> | Fabrieksbokoste        | ✓✓ |
| <b>1.1.2</b> | Direkte arbeidskoste   | ✓✓ |
| <b>1.1.3</b> | Administrasiekoste     | ✓✓ |
| <b>1.1.4</b> | Direkte materiaalkoste | ✓✓ |

8

**1.2****1.2.1**

**Bereken die totale verkoops- en verspreidingskoste.**

$$R15 \times 5\,500 = R82\,500 \quad \checkmark\checkmark$$

2

**1.2.2**

**Bereken die administrasiekoste per eenheid.**

$$R66\,000 / 5\,500 = R12 \quad \checkmark\checkmark$$

2

**1.2.3**

**Bereken die totale koste van produksie vir 2012.**

$$522\,500 \checkmark + 275\,000 \checkmark + 165\,000 \checkmark = R962\,500 \quad \checkmark$$

**OF**

$$\begin{array}{cc} 2 \text{ punte} & 1 \text{ punt} \\ (95 + 50 + 30) \times 5\,500 & = R962\,500 \end{array}$$

4

**1.3****1.3.1**

**Bereken die gelykbreekpunt vir 2012.**

$$\frac{231\,000 \checkmark\checkmark}{250 \checkmark - 160 \checkmark\checkmark}$$

$$= 2\,567 \text{ eenhede of } 2\,566,7 \quad \checkmark$$

6

**1.3.2**

**Sal Charley tevrede wees met die getal eenhede wat geproduseer is? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf.**

Ja / Nee ✓

Geldige verduideliking ✓✓

Antwoord vir ja:

Hy produseer 2 933 eenhede meer as die gelykbreekpunt.

Antwoord vir nee:

Hy produseer en verkoop minder (5 500 eenhede) as wat hy in die vorige jaar geproduseer en verkoop het (6 300 eenhede)

3

## 1.4

## 1.4.1

**Direkte materiaalkoste: Verduidelik waarom Charley hom nie te veel oor die direkte materiaalkoste hoef te bekommer nie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf.**

Verduideliking ✓

Syfer(s) ✓

Die toename is slegs R1 per eenheid wat minder as 1% is (minder as die inflasiekoers van 6%)

2

## 1.4.2

**Direkte arbeidskoste en fabrieksbokoste: Verskaf syfers om te verduidelik waarom direkte arbeids- en fabrieksbokoste vir hom 'n groot bekommernis behoort te wees. Noem in elke geval 'n moontlike probleem wat tot 'n toename in elk van hierdie koste gelei het. Verskaf praktiese raad om elk van die probleme wat jy voorgestel het, op te los.**

|                                                                            | <b>DIREKTE<br/>ARBEIDSKOSTE</b>                                                                                                                                   | <b>FABRIEKSBOKOSTE</b>                                                                                                                                                       |
|----------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Verduideliking met syfers</b><br>Verduideliking ✓ ✓<br>Syfers ✓ ✓       | Die toename van R18 per eenheid in die DAK beloop 56 % (wat noemenswaardig hoër is as die inflasiekoers van 6%)<br>LW: Moenie salaris/loonverhogings aanvaar nie. | Die toename van R9 per eenheid in die FBK beloop 43% (wat noemenswaardig hoër is as die inflasiekoers van 6%)                                                                |
| <b>Moontlike probleem wat tot 'n toename in die koste gelei het</b><br>✓ ✓ | Die werkers was ondoeltreffend. te veel oortyd gewerk teen 'n hoër koers.                                                                                         | Die aantal eenhede geproduseer is laer as dit van die vorige jaar / 'n uitgawe soos huur of waardevermindering kon noemenswaardig toegeneem het                              |
| <b>Praktiese raad om die probleem op te los</b><br>✓ ✓                     | Onderzoek die werk proses / beter opleiding van werkers                                                                                                           | Verhoog die produksievlakke om voordeel uit die skale van ekonomie te trek / ondersoek die individuele vaste koste om dit te probeer kontroleer en soek vir goedkoper opsies |

8

**TOTALE  
PUNTE**

35

**VRAAG 2****2.1****Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is.**

|              |        |    |
|--------------|--------|----|
| <b>2.1.1</b> | Waar   | ✓✓ |
| <b>2.1.2</b> | Onwaar | ✓✓ |
| <b>2.1.3</b> | Waar   | ✓✓ |
| <b>2.1.4</b> | Waar   | ✓✓ |

8

**2.2****Bereken die korrekte totale vir die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Desember 2012.**

| <b>Berekening<br/>van KOJ-totaal</b> |
|--------------------------------------|
| <b>23 500</b>                        |
| ✓3 250                               |
| ✓5 500                               |
| ✓✓273                                |
|                                      |
|                                      |
| <b>✓32 523</b>                       |

| <b>Berekening<br/>van KBJ-totaal</b> |
|--------------------------------------|
| <b>28 640</b>                        |
| ✓✓20 000                             |
| ✓150                                 |
| ✓90                                  |
| ✓250                                 |
| ✓630                                 |
| <b>✓49 760</b>                       |

12

**2.3****Stel die Bankversoeningstaat op 31 Desember 2012 op.**

|                               | <b>Debiet</b> | <b>Krediet</b> |
|-------------------------------|---------------|----------------|
| Saldo soos per Bankstaat      | ✓ 26 217      |                |
| Uitstaande deposito's         |               | ✓✓ 13 500      |
| Uitstaande tjeks              |               |                |
| ▪ 620                         | ✓ 2 550       |                |
| ▪ 660                         | ✓ 750         |                |
| ▪ 680                         | ✓ 5 600       |                |
| Krediteer foutiewe tjek       |               | ✓✓ 300         |
| Kredietsaldo per bankrekening |               | ✓ 21 317       |
|                               | <b>35 117</b> | <b>35 117</b>  |

9

Vreemde items -1, maksimum -2, bv. Vooruitgedateerde tjek R800.

2.4

**Verwys na tjek nr. 620 in die Bankversoeningstaat vir November 2012. Hoe sal dit in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 opgeteken word? Gee 'n rede.**

Tel by bank by indien Dt of trek van bank af indien bank oortrokke is ✓

Tel by Krediteure of by Handels- en ander betaalbare bedrae ✓

Rede ✓

Die geld is nog verskuldig en die skuld sal eers op 30 April vereffen word wanneer die tjek betaalbaar is.

|   |
|---|
|   |
| 3 |

2.5

2.5.1

**Watter AARP-beginsel is toegepas toe hierdie bedrag afgeskryf is?**

Omsigtigheid ✓

|   |
|---|
|   |
| 1 |

2.5.2

**Hoe kan 'n soortgelyke probleem in die toekoms vermy word?**

Enige geldige rede ✓✓

- Verdeling van pligte: Die persoon wat die deposito strokie voltooi moet nie dieselfde persoon wees wat die geld by die bank deponeer nie.
- Depositostrokies moet ooreenstem met die totaal van die kwitansies en kontantstrokies.
- Kontroleer via internetbankprosesse dat deposito's daaglik getoon is (vra sms-diens aan)

|   |
|---|
|   |
| 2 |

|                         |
|-------------------------|
| <b>TOTALE<br/>PUNTE</b> |
|                         |
| 35                      |

**VRAAG 3****3.1**

Kies 'n AARP-beginsel uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) neer.

|              |   |    |
|--------------|---|----|
| <b>3.1.1</b> | C | ✓✓ |
| <b>3.1.2</b> | A | ✓✓ |
| <b>3.1.3</b> | D | ✓✓ |
| <b>3.1.4</b> | B | ✓✓ |

8

**3.2****3.2.1**

**GLOBAL BEPERK  
NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

| <b>VASTE/TASBARE BATES</b>                   | <b>Grond en geboue</b> | <b>Voertuie</b>                              | <b>Toerusting</b>                               |
|----------------------------------------------|------------------------|----------------------------------------------|-------------------------------------------------|
| <b>Drawaarde aan begin van jaar</b>          | <b>810 000</b>         | <input checked="" type="checkbox"/> 201 400  | <input checked="" type="checkbox"/> 161 660     |
| <b>Kosprys</b>                               | <b>810 000</b>         | ✓ 380 000                                    | ✓ 235 600                                       |
| <b>Opgehoopte waardevermindering</b>         | <b>0</b>               | ✓ (178 600)                                  | ✓ (73 940)                                      |
|                                              |                        |                                              |                                                 |
| <b>Bewegings</b>                             |                        |                                              |                                                 |
| Byvoegings teen kosprys                      |                        | <b>133 000</b>                               |                                                 |
| Verkope teen drawaarde                       |                        |                                              | ✓✓ (2 700)                                      |
| Waardevermindering<br>V: 13 300 ✓ + 60 420 ✓ |                        | <input checked="" type="checkbox"/> (73 720) | <b>(35 040)</b>                                 |
|                                              |                        |                                              |                                                 |
| <b>Drawaarde aan einde van jaar</b>          | <b>810 000</b>         | <input checked="" type="checkbox"/> 260 680  | <input checked="" type="checkbox"/> 123 920     |
| <b>Kosprys</b>                               | <b>810 000</b>         | ✓ 513 000                                    | ✓ 229 600                                       |
| <b>Opgehoopte waardevermindering</b>         | <b>0</b>               | ✓ (252 320)                                  | ✓ <input checked="" type="checkbox"/> (105 680) |

18

## 3.2.2

**GLOBAL BEPERK  
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2013**

|           |                                                                                                                                            |    |           |
|-----------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|-----------|
|           | <b>Verkope</b> ( 1 330 950 ✓ – 950 ✓) <small>bewerking indien een deel korrek</small>                                                      | ✓  | 1 330 000 |
|           | <b>Koste van verkope</b>                                                                                                                   | ✓  | (831 250) |
| <b>5</b>  | <b>Bruto wins</b> <small>Kontroleer bewerking, KVK moet afgetrek wees</small>                                                              | ✓  | 498 750   |
|           | <b>Ander bedryfsinkomste</b> <small>Kontroleer bewerking</small>                                                                           | ✓  | 118 148   |
|           | Korting ontvang                                                                                                                            | ✓  | 2 090     |
|           | Oninbare skulde verhaal (550 ✓ + 120 ✓)                                                                                                    | ✓  | 670       |
|           | Huur inkomste (124 032 ✓ – 10 032 ✓✓) <small>bewerking indien een deel korrek</small>                                                      | ✓  | 114 000   |
|           | Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering                                                                                               | ✓✓ | 988       |
| <b>13</b> | Wins met verkoop van bate                                                                                                                  | ✓✓ | 400       |
|           | <b>Bruto bedryfsinkomste</b>                                                                                                               |    | 616 898   |
|           | <b>Bedryfsuitgawes</b> <small>Kontroleer bewerking, merk slegs syfer</small>                                                               | ✓  | (440 650) |
|           | Skryfbehoeftes (1 630 – 190)                                                                                                               | ✓✓ | 1 440     |
|           | Oninbare skulde (1 350 ✓ + 120 ✓ + 1 520 ✓) <small>bewerking indien een deel korrek</small>                                                | ✓  | 2 990     |
|           | Versekering (22 800 ✓ – 9 500 ✓✓)                                                                                                          | ✓  | 13 300    |
|           | Bankkoste                                                                                                                                  | ✓  | 5 770     |
|           | Salarisse en lone                                                                                                                          | ✓  | 164 430   |
|           | Direkteursfooie                                                                                                                            | ✓  | 110 000   |
|           | Ouditeursfooie                                                                                                                             | ✓  | 31 470    |
|           | Waardevermindering<br>(73 720 ✓ <input checked="" type="checkbox"/> sien 3.2.1 + 35 340 ✓) <small>bewerking indien een deel korrek</small> | ✓  | 108 760   |
| <b>20</b> | Handelsvoorraadtekort (69 730 – 67 240)                                                                                                    | ✓✓ | 2 490     |
|           |                                                                                                                                            |    |           |
|           | <b>Bedryfswins</b>                                                                                                                         | ✓  | 176 248   |
|           | Rente inkomste                                                                                                                             | ✓  | 4 000     |
|           | <b>Wins voor rente uitgawe /Finansieringskoste</b>                                                                                         |    | 180 248   |
|           | Rente uitgawe /Finansieringskoste                                                                                                          | ✓✓ | (62 700)  |
|           | <b>Wins voor belasting</b>                                                                                                                 | ✓  | 117 548   |
|           | <b>Inkomstebelasting</b>                                                                                                                   | ✓  | (35 264)  |
| <b>7</b>  | <b>Netto wins na belasting</b> <small>kontroleer bewerking, belasting moet afgetrek word</small>                                           | ✓  | 82 284    |

Vreemde items –1 elk (maks –2); Ignoreer Handelsvoorraad & Voors vir Oninbare skulde as vreemde items

Indien rente inkomste / rent uitgawe in twee plekke, hanteer as vreemde item

Indien rente inkomste / rent uitgawe foutief geplaas, -1 elke keer (-2 maks)



## 3.2.3

**BEHOUE-INKOMSTE-NOTA OP 28 FEBRUARIE 2013**

|                                                                                          |    |          |
|------------------------------------------------------------------------------------------|----|----------|
| <b>Behoue inkomste aan die begin van die jaar</b>                                        | ✓  | 69 840   |
| ✓ Netto wins na belasting                                                                | ☑  | 82 284   |
| ✓ Min dividende                                                                          |    | (57 750) |
| Tussentydse dividend betaal                                                              | ✓✓ | 34 000   |
| Finale dividend verklaar                                                                 | ✓✓ | 23 750   |
| <b>Behoue inkomste aan die einde van die jaar</b><br><small>Kontroleer bewerking</small> | ☑  | 94 374   |

9

|                         |
|-------------------------|
| <b>TOTALE<br/>PUNTE</b> |
|-------------------------|

|    |
|----|
| 80 |
|----|

**VRAAG 4****4.1****Voltooi die volgende stellings deur 'n term uit die lys te kies.**

|              |                          |
|--------------|--------------------------|
| <b>4.1.1</b> | Onafhanklike ouditeur ✓✓ |
| <b>4.1.2</b> | Direkteur ✓ ✓            |
| <b>4.1.3</b> | Aandeelhouer ✓ ✓         |
| <b>4.1.4</b> | Interne ouditeur ✓ ✓     |

8

**4.2****4.2.1****Bereken die bedryfsverhouding.**

$$\begin{array}{l} \checkmark \quad \checkmark \\ 209\,000 : 132\,000 \\ = 1,6 : 1 \quad \checkmark \quad \text{bewerking as een deel korrek} \end{array}$$

3

**4.2.2****Bereken die verdienste per aandeel (in sent).**

$$\begin{array}{l} \frac{363\,000 \checkmark}{198\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1} \\ = 183,3 \text{ sent} \quad \checkmark \quad \text{bewerking as een deel korrek} \end{array}$$

3

**4.2.3 Bereken die skuld/ekwiteit-verhouding.**

$$550\,000 \checkmark : 1\,589\,500 \checkmark$$

$$0,3 : 1 \checkmark \quad \text{bewerking as een deel korrek}$$

3

**4.2.4 Bereken die persentasie opbrengs verdien op totale kapitaal aangewend (voor belasting).**

$$\frac{518\,500 + 112\,000}{\frac{1}{2}(1\,589\,500 + 550\,000 + 1\,246\,300 + 693\,000)} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{630\,500 \checkmark \checkmark^*}{2\,039\,400 \checkmark \checkmark^*} \times \frac{100}{1}$$

$$30,9\% \checkmark^*$$

\* bewerking as een deel korrek

5

**4.2.5 Bereken die syfers wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn vir:****(a) Terugbetaling van lenings**

$$693\,000 - 550\,000 = 143\,000 \checkmark \checkmark$$

**(b) Opbrengs uit uitreik van gewone aandele**

$$176\,000 \checkmark + 61\,600 \checkmark = 237\,600 \checkmark \checkmark \quad \text{bewerking as een deel korrek}$$

**(c) Vaste bates gekoop (let op dat vaste bates met 'n boekwaarde van R115 500 teen drawaarde verkoop is)**

$$1\,883\,700 \checkmark + 44\,000 \checkmark + 115\,500 \checkmark - 1\,782\,000 \checkmark$$

$$= 261\,200 \checkmark \quad \text{bewerking as een deel korrek}$$

5

## 4.3 4.3.1

**Verduidelik waarom die finansiële aanwysers van likiditeit van Lolly Bpk. beter is as dié van Peggy Bpk. Haal DRIE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf.**

Aanhaal van aanwyser ✓ ✓ ✓ ✓  
 Verduideliking deur Lolly ✓ ✓ ✓  
 Vergelyking met Peggy ✓ ✓ ✓

- Bedryfskapitaal verhouding vir Lolly is 1,7 : 1 en vir Peggy is dit 5,8:1. Lolly het genoeg bedryfsbates om die bedryfslaste te dek waar Peggy Bpk. te veel fondse in die vorm van bedryfsbates hou wat nie 'n goeie opbrengs vir die besigheid sal veroorsaak nie.
- Vuurproefverhouding vir Lolly is 0,8 : 1 en vir Peggy is dit 3,7 : 1. Selfs al is Lolly nie in staat om al sy voorraad te verkoop nie, is hy nog in staat om sy korttermynverpligtinge na te kom. Peggy hou baie van sy bedryfsbates as voorraad (voorraadophoping)
- Die tydperk waarvoor genoeg voorraad voorhande is vir Lolly is 80 dae en vir Peggy is dit 140 dae (amper 6 maande). Lolly het genoeg voorraad vir amper 3 maande, wat gepas is vir 'n onderneming wat sportklere verkoop aangesien die style van die sportklere normaal weg seisoenaal verander. Peggy hou te veel voorraad vir te lank, style sal verander en kliënte sal nie belangstel om uitgedateerde style te koop nie wat tot verouderde voorraad sal lei.
- Debiteure betaal Lolly Bpk. baie gouer as wat die debiteure van Peggy hulle betaal. Die Debiteure-invorderingstermyn vir Peggy is 55 dae maar Lolly vorder in van hulle debiteure binne 26 dae.

9

## 4.3.2

**Watter maatskappy maak meer van lenings gebruik?**

Lolly BPK ✓

Skuld-ekwiteit-verhouding 1,9 : 1 vir Lolly en 0,2 : 1 vir Peggy ✓✓

**Verduidelik of dit 'n goeie idee is of nie deur in elke geval 'n finansiële aanwyser aan te haal om jou antwoord te staaf.**

Dit is nie 'n goeie idee nie ✓

Opbrengs op Kapitaal Aangewend vir Lolly is 12,4 % wat beteken dat die verdienste wat hy verdien laer is as die rente wat hy op die lening betaal, 14% (negatiewe hefboomverhouding) ✓

6

## 4.3.3

**Die markprys van Peggy Bpk. se aandele vertoon baie beter as dié van Lolly Bpk. Verduidelik, deur TWEE finansiële aanwysers aan te haal, om hierdie opinie te staaf.**

Vergelyking van markprys en NBW van Lolly ✓✓

Vergelyking van markprys en NBW van Peggy ✓✓

Markprys van Lolly Bpk. is 590 sent wat laer is as die Netto Batewaarde van 625 sent OF markprys is 35 sent laer as die Netto Batewaarde.

Markprys van Peggy Bpk. is 755 sent wat hoër is as die Netto Batewaarde van 605 sent OF markprys is 150 sent hoër as die Batewaarde. Dit is dus moontlik vir Peggy om 'n hoër prys te bekom as die waarde van die aandele in die boeke van die maatskappy

4

## 4.3.4

**Peggy Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividende as Lolly Bpk. Verduidelik DRIE finansiële aanwysers om hierdie mening te staaf.**

Finansiële aanwyser ✓ ✓ ✓

Syfers ✓ ✓ ✓

Verduideliking ✓ ✓ ✓

- % OOAHE vir Peggy is baie hoër (28,5%) as dit van Lolly (11,5%).
- VPA vir Peggy is 813 sent maar Lolly verdien slegs 179 sent per aandeel.
- DPA vir Peggy is 637 sent maar vir Lolly is dit slegs 182 sent per aandeel.

9

## 4.4

**Lewer kommentaar op die ouditverslae van Lolly Bpk. en Peggy Bpk. In elke geval, verduidelik hoe die verslag Peter se besluit rakende die aandele wat hy in die maatskappy wil koop, sal beïnvloed.**

*Lolly Bpk.:* Kommentaar ✓ Verduideliking ✓

Lolly Bpk. het 'n ongekwalifiseerde verslag gekry wat beteken dat Peter op die finansiële inligting in die finansiële state kan vertrou om 'n besluit oor die aankoop van die aandele te neem.

*Peggy Bpk.:* Kommentaar ✓ Verduideliking ✓

Hierdie maatskappy se ouditverslag is weerhou. Dit beteken dat Peter nie heeltemal op die finansiële state kan staatmaak om 'n besluit rakende belegging in hierdie maatskappy kan neem nie.

4

**TOTALE  
PUNTE**

65

**VRAAG 5****5.1 5.1.1****Bereken die waarde van die eindvoorraad van krieketkolwe (gebruik die EIEU-metode).**

$$(100 \checkmark \times 655 \checkmark) + (75 \checkmark \times 630 \checkmark)$$

$$= 65\,500 + 47\,250$$

$$= 112\,750 \checkmark$$

5

**5.1.2****Bereken die waarde van die eindvoorraad van krieketballe (gebruik die gewoegedegemiddelde-metode).**

$$\frac{19\,200 \checkmark + 63\,900 \checkmark - 5\,300 \checkmark}{320 \checkmark + 840 \checkmark - 60 \checkmark}$$

$$\frac{77\,800}{1\,100} \times \frac{220}{1}$$

$$= R15\,560 \checkmark \quad \text{OF} \quad R15\,560,60 \quad \text{OF} \quad R15\,561$$

7

**5.2 5.2.1****Bereken die koste van verkope vir krieketkolwe.**

$$49\,500 \checkmark + 310\,250 \checkmark + 16\,050 \checkmark\checkmark - 112\,750 \checkmark$$

$$= R263\,050 \checkmark$$

6

**5.2.2****Bereken die bruto wins vir krieketkolwe.**

$$R398\,125 \checkmark - R263\,050 \checkmark = R135\,075 \checkmark$$

3

**5.3 5.3.1****Bereken die getal krieketkolwe wat blykbaar verlore is.**

$$110 + 535 - 455 = 190 \checkmark$$

Getal voorhande 175  $\checkmark$ . Daar is dus 15 verlore  $\checkmark$

3

**5.3.2****Verduidelik TWEE beheermaatreëls wat Anele kan instel om te verhoed dat dit in die toekoms weer gebeur.**

Twee kontrolemaatreëls  $\checkmark\checkmark$   $\checkmark\checkmark$

Moontlike antwoorde:

- Verbeter fisies sekuriteit by uitgangspunte
- Gereelde fisiese voorraadopname

4

5.4

**Verskaf bewyse uit die inligting voorsien, om Anele se bekommernis oor die verskaffer van krieketballe te staaf. Noem TWEE punte en haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun.**

Twee punte ✓✓ ✓✓

Moontlike antwoorde:

- Die kosprys van krieketballe het noemenswaardig gestyg sedert November van R65 tot R85 en R95.
- 60 foutiewe krieketballe teen 'n koste van R5 300 is aan die nuwe verskaffer teruggestuur. Daar was geen terugsending voor November nie, wat beteken dat die besending van die nuwe verskaffer van 'n swakker gehalte is.

|   |
|---|
|   |
| 4 |

5.5

**Anele het intussen ontdek dat die nuwe verskaffer van krieketballe 'n familielid van Chris is.**

**Watter raad sal jy in hierdie verband aan Anele gee?**

Verwagte antwoorde:

Uitstekend = 3 punte; gemiddeld = 2 punte ; swak = 1 punt; foutief = 0 punte

Anele moet aan Chris verduidelik dat dit oneties is om sy familielid te bevoordeel en die besluit het die besigheid nadelig geraak. Sy moet ook 'n aankoopbeleid in plek kry en sy moet verseker dat alle werknemers daarby hou. Dit is belangrik om lojale verskaffers te ondersteun maar kwaliteit en die prys van die produk mag nie ingeboet word nie.

|   |
|---|
|   |
| 3 |

|                         |
|-------------------------|
| <b>TOTALE<br/>PUNTE</b> |
|                         |
| 35                      |

**VRAAG 6****6.1****Identifiseer TWEE items wat Mabel foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf het.**

Twee items ✓✓ ✓✓

- Waardevermindering
- Meubels op krediet aangekoop

4

**6.2****Behalwe die items in VRAAG 6.1 hierbo, noem TWEE ander items in die Betalingsafdeling van die Kontantbegroting (Sien Inligting 4) wat NIE in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn nie.**

Enige twee items ✓✓ ✓✓

Verwagte antwoorde:

- Betalings aan krediteure
- Terugbetaling van lening
- Aankope van voertuig
- Onttrekkings
- Kontantaankope van voorraad

4

**6.3****Identifiseer of bereken A en B. Toon negatiewe getalle in hakies.**

|          |              |
|----------|--------------|
| <b>A</b> | R35 350 ✓    |
| <b>B</b> | (R17 050) ✓✓ |

3

**6.4****Identifiseer of bereken die ontbrekende syfers C en D in die uittreksel uit die Kontantbegroting (Inligting 4).**

|          |                                                                                                                         |
|----------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>C</b> | 160 000 ✓ x 100/133⅓ ✓ = 120 000<br>120 000 x 50% ✓ = R60 000 <input checked="" type="checkbox"/> enige een deel korrek |
| <b>D</b> | 60 000 ✓ x 95% ✓ = 57 000 <input checked="" type="checkbox"/> enige een deel korrek                                     |

7



6.5

**Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie 2012.**

|                  | Krediet-<br>verkope | Februarie-<br>invorderings |
|------------------|---------------------|----------------------------|
| <b>Desember</b>  | <b>R80 000</b>      | ✓✓ 14 400                  |
| <b>Januarie</b>  | ✓✓ R64 000          | ✓✓ 32 000                  |
| <b>Februarie</b> | <b>R56 000</b>      | ✓✓ 16 800                  |
| <b>TOTAAL</b>    | <b>bewerking</b>    | ☑✓ 63 200                  |

10

6.6

**Bereken die persentasie toename in salarisse en lone vanaf 1 Februarie 2013.**

$$1\,800 / 15\,000 \times 100 = 12 \% \checkmark\checkmark$$

2

6.7

**Bereken die rente op die vaste deposito vir Januarie 2013.**

$$42\,000 \times 7\% / 12 = R245 \checkmark\checkmark$$

2

6.8

6.8.1

**Bereken die afleweringensuitgawe vir Januarie 2013.**

$$R160\,000 \times 8\% = R12\,800 \checkmark\checkmark$$

2

6.8.2

**John is van mening dat hierdie uitgawe hom te veel kos. Watter TWEE punte behoort John te oorweeg voordat hy besluit of hy met hierdie diens wil voortgaan of nie?**

Twee faktore ✓✓ ✓✓

- Of die mededingers hierdie diens lewer of nie
- Wat die reaksie van sy klante sal wees as die diens gestaak word (bv. sal hulle na ander verskaffers gaan?)
- Die moontlikheid om klante te belas met hierdie koste
- Die moontlikheid om 'n goedkoper afleweringensdiens te vind
- Die moontlikheid van sy eie motor gebruik in plaas van uitkontrakteer

4

6.9

**Verduidelik wat jy oor elk van die volgende items aan die einde van Januarie 2013 aan John sal sê. Gee EEN punt van advies in elke geval.**

|                            | <b>Kommentaar</b><br>✓   ✓   ✓                                                                                 | <b>Raad</b><br>✓   ✓   ✓                                                                                                                            |
|----------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Advertensies</b>        | Aangesien hy <u>nie geld op advertensies spandeer</u> het nie, het hy nie sy verwagte verkopesyfers behaal nie | Maak seker dat die advertensie <u>begroting elke maand ten volle benut</u> word. (dit is daar vir 'n rede)                                          |
| <b>Skryfbehoeftes</b>      | <u>Het beduidend meer as begrote syfer spandeer</u>                                                            | Verseker dat daar geen vermorsing van skryfbehoeftes is/<br>Bewaar ongebruikte skryfbehoeftes veilig. / kry 'n goedkoper verskaffer                 |
| <b>Personeel-opleiding</b> | <u>Onderspandeer</u> op begroting beteken dat skakeling met klante nie goed is nie.                            | Hy moet besef personeelopleiding beïnvloed die manier waarop personeel met klante in wisselwerking tree wat lei tot effektiwiteit en welwillendheid |

6.10

**Oorweeg elk van die opsies hieronder en verduidelik EEN ander voordeel en EEN nadeel van elke opsie.**

|                                                                                                                          | <b>Ander Voordeel ✓ ✓ ✓</b>                                                                                                       | <b>Nadeel ✓ ✓ ✓</b>                                                                                                                                                             |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Opsie 1:</b><br>Verkry 'n nuwe lening teen 'n rentekoers van 14% p.j.                                                 | Hy sal die <u>bates besit</u> en hulle kan langer as vyf jaar hou indien hy hulle oppas.                                          | Hy <u>moet rente</u> van R1 750 per maand <u>betaal</u> en <u>hy moet die lening van R150 000</u> teen R4 167 per maand terugbetaal                                             |
| <b>Opsie 2:</b><br>Huur (bruikhuur) die bates van IT Connect Bpk. teen R5 100 per maand                                  | Hy <u>hoef nie 'n lening aan te gaan nie/hoef nie rente op lening te betaal nie/hoef nie herstelkoste te betaal nie</u>           | Die <u>huurkoop-ooreenkoms</u> is baie <u>duur</u> R61 200 per jaar (R306 000 oor die verwagte lewensduur van vyf jaar.) / <u>besit nooit die bates maar betaal deurlopend.</u> |
| <b>Opsie 3:</b><br>Nooi sy vriend James om 'n gelyke vennoot in die besigheid te word en om R150 000 kapitaal te verskaf | Hy <u>sal dan genoeg fondse</u> hê om die bates te koop wat dan aan die besigheid behoort/ <u>deel werkslading en vaardighede</u> | Hy sal sy <u>winste moet deel</u> met sy nuwe vennoot                                                                                                                           |

6

|                     |
|---------------------|
| <b>TOTALE PUNTE</b> |
|                     |
| <b>50</b>           |

TOTAAL: 300